Moet asseblief nie hierdie bladsy probeer uitdruk (print) nie. Dit is slegs om te sien hoe die regte bladmusiek lyk wat jy kan aflaai op die *download chord sheet* opsie

# Asemrowend

## F315

Verse 1:

**F** **F/A**
U majesteit is onaantasbaar. Wie kan met U vergelyk?
**A#** **C**
Onverstaanbaar, sonder weerga, Koning van die hemelryk.
**F** **Gm**
Oorverdowend soos die donder, helder soos 'n weerligstraal,
**A#** **C**
Oëverblindend is die luister van die prag wat uit U straal.




Chorus

**C/E** **A#/D**
Tog is U nie onbereikbaar:
**C/E** **A#**
deur u Gees woon U in my
**C/E** **A#/D**
Oral en altyd aanwesig
**C/E** **A#**
Dag en nag is U naby

**F** **F/E**
U is asemrowend, eindeloos mooi.
**A#/D**
Soveel meer as wat 'n mens
**Dm7** **A#** **Gm7**
ooit kan bedink, of ooit verstaan.
**F** **F/E**
U is meer as besonders, buitengewoon.
**A#/D** **Dm7** **A#** **Gm7**
Niks is vergelykbaar met u majesteit en Naam

Verse 2:

**F** **F/A**
U werke is verbasingwekkend, skoonheid wat die skepping vul.
**A#** **C**
Onuitspreeklik is die grootsheid waarmee U Uself omhul.
**F** **Gm7**
Ondeurgrond'lik is u weë, onvoorstelbaar is u mag.
**A#** **C**
U gedagtes onbegrypbaar, ontsagwekkend is u krag.

chord sheet demo

Moet asseblief nie hierdie bladsy probeer uitdruk (print) nie. Dit is slegs om te sien hoe die regte bladmusiek lyk wat jy kan aflaai op die *download chord sheet* opsie

Verse 3:

**F** **F/A**
Onoortreflik is u wysheid, en u Woord sal nooit vergaan
**A#** **C**
U regverdigheid onwrikbaar, ewig bly U trou bestaan
**F** **Gm7**
Onweerstaanbaar is u liefde, u genade is gewis
**A#** **C** **F**
Here U is onbeskryflik want U is wie U is

RUBRIEK: FLAM Gemeentesang - Lof & Verwondering
Oorspronklik: Adembenemend
Teks en Musiek: Marcel Zimmer
Afr. Vert.: Fadni Engelbrecht
© 2007 Celmar Music
Opgeneem op die FLAM CD F-Luister
Vir volledige bladmusiek en ander hulpbronne besoek www.flam.co.za

chord sheet demo